higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BESIGHEIDSPRAKTYK
NKR VLAK 2

(3061002)

8 December 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 2 antwoordblaaie.

402Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 MIV kan van een persoon na 'n ander oorgedra word deur ….

A klere te deel.
B die besmette persoon aan te raak.
C die besmette persoon te soen.
D seksuele kontak.

1.1.2 'n Plan om ernstige noodgevalle te hanteer, is 'n belangrike element van die ...

A Wet op Noodgevalle.
B Wet op Rampbestuur.
C Wet op Krisisbestuur.
D Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

1.1.3 Kies die VERKEERDE opsie.
Om 'n professionele beeld uit te dra, moet 'n werknemer persoonlike higiëne handhaaf, insluitend …

A werkstatus.
B 'n onberispelike uniform.
C liggaamsreuke.
D 'n vars asem.

1.1.4 In die … van die aankoopproses word die betrokke departement ingelig oor 'n behoefte.

A nabestelfase
B voorbestelfase
C kennisgewingfase
D bestelfase

1.1.5 Etiese diversiteit verwys na …

A verskillende waardes.
B verskillende gelowe.
C verskillende sosio-ekonomiese agtergronde.
D Al bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die … departement is verantwoordelik vir opleiding van werknemers in die werkplek.

A bemarking
B inligtingstegnologie
C menslike hulpbronne
D administratiewe

1.1.7 Om ... te wees, is een van die fundamentele eienskappe van 'n ontvangspersoon.

A vriendelik ⌘
B joviaal
C arrogant
D selfsugtig

1.1.8 Die … departement verseker dat inligting oor produkte en dienste die verbruiker bereik.

A verspreidings
B navorsing en ontwikkeling
C bemarking
D produksie

1.1.9 … is 'n voorbeeld van onvoorsiene omstandighede.

A Afwesigheid
B Natuurrampe
C Stakings
D Al bogenoemde

1.1.10 A diensrooster ('roster') is 'n …

A rooster ('timetable') ⌘
B dagboek
C taaklys met mense se name by
D werkskedule

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN REDE vir elke antwoord.

1.2.1 Dit is belangrik om elektroniese lêers te skep wat duidelik benoem is.

1.2.2 Daar is geen verskil tussen *hoor* en *luister* nie. ⌘

1.2.3 Veiligheidswagte is noodsaaklik in baie noodlenigingsituasies.

1.2.4 'n Hoë organisasiestruktuur het baie departemente.

1.2.5 Goeie werkspraktyk kan gelykgestel word daaraan om verantwoordelikheid te neem vir jou optrede, wat weer jou loopbaangeleenthede verbeter.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Aansporing	A	Verseker dat alles dieselfde of identies is
1.3.2	Besigheidsomgewing	B	'n Mark met net een verkoper
1.3.3	Konstruktief	C	Kan die werkplek bedreig of beskadig
1.3.4	Kernbesigheid	D	Doelbewus skade aangerig
1.3.5	Potensiële gevaar	E	Ongewenste aanraking en grappies
1.3.6	Seksuele teistering	F	Om jou goedkeuring te gee
1.3.7	Onderskryf	G	Die rede waarom die onderneming bestaan
1.3.8	Standaardiseer	H	Op 'n behulpsame manier
1.3.9	Saboteer	I	'n Beloning wat jou aanmoedig om iets te doen
1.3.10	Monopolie	J	Die omstandighede waaronder jy werk

(10 × 2) (20)

TOTAAL AFDELING A 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Party van jou kollegas rook. Dit beïnvloed jou gesondheid, want jy raak voortdurend siek as gevolg van die rook wat jy inasem. Jy vra jou bestuurder om rook in die werkplek te bestuur deur 'n rookarea aan te wys.

Verduidelik kortliks VIER vereistes vir 'n aangewese rookarea. (4 × 2) (8)

2.2 Bestudeer die teenwoordigheidsregister hier onder en beantwoord die vrae.

Werknemer: Zander Floyd Aantal ure wat gewerk moet word: 40
Nommer: 234523
Week: 15–19 November 2019

Dag	IN	UIT	Werklike ure gewerk
Maandag	08:00	16:00	8
Dinsdag	Siek	Verlof	0
Woensdag	10:00	17:00	7
Donderdag	08:00	14:30	6½
Vrydag	08:00	16:00	8

2.2.1 Hoeveel uur het Zander Floyd in die week van 15–19 November 2019 gewerk? (2)

2.2.2 Het Zander gehou by sy kontrak deur in hierdie week die vereiste aantal ure te werk? (1)

2.2.3 Noem EEN effek op die onderneming as werknemers nie die vereiste aantal ure werk nie. (2)

2.2.4 Dink jy Zander tree eties op as hy nie hou by die dienskontrak wat hy onderteken het nie? Baseer jou antwoord op bogenoemde bywoningsregister en ondersteun dit met 'n rede. (2)

2.3 Tim is 'n intern by New Bridge Youth Centre. Vandat sy kollegas agtergekom het hy is homoseksueel, behandel hulle hom sleg deur grappies oor sy seksuele oriëntasie te maak. Hulle gedrag beïnvloed sy werk negatief.

2.3.1 Verduidelik die term *seksuele teistering* kortliks. (2)

2.3.2 Noem enige VYF voorbeelde van seksuele teistering wat Tim in die werkplek kan ondervind. (5)

2.3.3 Beskou jy dit wat met Tim in sy werkplek gebeur as seksuele teistering? Ondersteun u antwoord met EEN rede (3)
[25]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

BURNING JOBURG GOVERNMENT BUILDING DID NOT MEET HEALTH AND SAFETY STANDARDS

Jacob Mamabolo, LUR vir infrastruktuur in Gauteng, het gesê die staatsgebou wat in die middestad van Johannesburg aan die brand geslaan het, was nie standaard nie.

Daar is bevestig dat drie brandbestryders in die brand omgekom het; een het van die 23ste vloer na sy dood geval. Na berig word, is verskeie brandbestryders en burgerlikes in of op die gebou vasgekeer; daar word dus gevrees vir verdere ongevalle.

Mamabolo het gesê: "Ons sien in die verslag dat die gebou nie voldoen het aan die vereiste standaard van veiligheid en gesondheid nie. Die departemente Gesondheid en Menslike Nedersettings se gebou het aan 21% van die vereistes voldoen terwyl dit ideaal gesproke aan meer as 85% moes voldoen het." ⌘

"Dit is vir die provinsiale regering baie duidelik dat daar 'n probleem is met staatsgeboue. Ons ontken dit nie," het hy gesê.

Die oorsaak van die brand is nog onbekend.

[Bron: *www.timeslive.co.za/news/south-africa*]

3.1.1 Wat is jou siening oor die gesondheid en veiligheid van werknemers in dié artikel? (1 × 2) (2)

3.1.2 Identifiseer enige VYF soorte werk waarvoor beskermende klere benodig word. ⌘ (5)

3.1.3 Noem enige VYF beskermende kledingstukke wat in die werkplek gebruik word. (5)

Kopiereg voorbehou

3.2 Identifiseer die verskillende dele van die brandblusser in die onderstaande prent deur uit die volgende lys te kies. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. ⌘

veiligheidsknip; gasmeter; silinder; uitlaatspuitstuk; drahandvatsel; optelpyp



(5 × 1) (5)

3.3 Noem enige DRIE soorte brandblussers. ⌘ (3)

[20]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Nola werk in die aankoopafdeling. Sy is gevra om 50 rekenaars te koop vir die nuwe laboratorium wat gebou is. Sy merk op dat sommige van die rekenaarbokse leeg is en dat dié wat wel gelewer is se grootte en kleur nie reg is nie.

4.1 Noem VYF stappe van die aankoopproses wat sy moet volg voordat daar betaal kan word. (5)

4.2 Ms S Visagie is die besturende direkteur van KUMKANI TRADINGS. Sy het die volgende personeellede aangestel:

- 'n Persoonlike assistent
- 'n Administratiewe bestuurder ⌘
- 'n Produksiebestuurder
- 'n Menslikehulpbronbestuurder
- 'n Finansiële bestuurder
- Twee ondergeskiktes vir elke departement

Gebruik die inligting hier bo om die organogram op ANTWOORDBLAD 1 (aangeheg) in te vul. (10)

4.3 Bespreek VYF maniere waarop die aankopedepartement 'n organisasie kan ondersteun. (5 × 2) (10)

4.4 Nola was verantwoordelik vir die aankoop van rekenaars vir die laboratorium en ontdek dat party weg is.

Maak VYF aanbevelings om Nola te help om die probleem op te los. (5)
[30]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Lesly is 'n nuut aangestelde sekretaresse in die premier se kantoor. Sy moet oproepe beantwoord, dagboekinskrywings monitor en afsprake neerskryf. Sy maak baie foute met dubbelafsprake en van die kliënte kla daaroor.

5.1 Gee vir Lesly raad oor hoe om die dagboek op ten minste VYF maniere beter te bestuur. ⌘ (5)

5.2 Help Lesly om die volgende afsprake en aktiwiteite vir 29 Oktober 2019 op die premier se dagboek aan te teken. Gebruik ANTWOORDBLAD 2 (aangeheg).

- Lees en beantwoord e-pos @ 08:00
- Vertrek lughawe toe @ 15:30
- Doen verslag oor die SONA-geleentheid @ 11:00
- Vergader met die minister van finansies @ 13:00
- Koördineer openbare betrekkinge op 'n vergadering oor die komende verkiesing @ 08:30
- Middagete saam met die minister van kommunikasie @ 12:00
- Spreek die personeel toe oor die kleredragreëls @ 09:00
- Konferensie-oproep @ 14:00
- Tandartsafspraak @ 10:00
- E-pos verslag vir mnr. Dladla @ 15:00

(10)

5.3

SA se Covid-19-gevalle styg tot 240

Soos die ander lande, word Suid-Afrika deur die Corona-virus geraak. Die virus het 'n slegte invloed op ons ekonomie en werkers. 1 uit 10 werknemers is besmet en toets positief vir die virus. In die president se toespraak het hy ondernemings aangemoedig om goeie higiëne te handhaaf.

Ondernemings moet ontsmettingsmiddels vir hul werknemers koop om te voorkom dat die virus versprei. Sommige restaurante het op die oproep gereageer deur slegs 'n sekere aantal kliënte te aanvaar.

[Bron: *www.timelive.co.za/amp/news*]

5.3.1 Dink jy die handhawing van goeie higiëne sal help om die organisasie en sy werknemers teen infeksies te beskerm? Antwoord *Ja* of *Nee* en gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

5.3.2 Noem enige TWEE maniere waarop jy goeie higiëne en 'n gesonde leefstyl kan handhaaf. (2)

5.4 Persoonlike ontwikkeling en groei is 'n deurlopende proses wat personeel in staat stel om hulself toe te rus met meer vaardighede en kennis om hul pligte uit te voer.

Noem enige VYF maniere of stappe wat jy kan volg om jou vaardighede en kennis in die werkplek te ontwikkel. Jy kan van 'n diagram gebruik maak. (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 1

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4.2



(10 × 1) (10)

ANTWOORDBLAD 2

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 5.2

Tyd	AKTIWITEITE DATUM: _____
08:00	
08:30	
09:00	
09:30	
10:00	
10:30	
11:00	
11:30	
12:00	
12:30	
13:00	
13:30	
14:00	
14:30	
15:00	
15:30	
16:00	
16:30	

(10)

Kopiereg voorbehou